
Die evangelie volgens

# MARKUS




ANTWOORD
vir verraaiers
MARKUS 14:17-31


Wegkruipertjie
IN DIE TUIN
MARKUS 14:32-52

32 Toe kom hulle by 'n plek met die naam
Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: "Sit hier
terwyl Ek gaan bid."
33 Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en
Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en
beangs geword 34 en vir hulle gesê: "Ek voel
doodsbenoud. Bly hier en waak!"

MARKUS 14:32-52

26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die
mens as ons verteenwoordiger, ons beeld,
sodat hy kan heers oor die vis in die see, die
voëls in die lug, die mak diere, die wilde
diere en al die diere wat op die aarde
kruip."

GENESIS 1:26

5 Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid
van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank
net slegte dinge bedink, 6 was die Here bedroef
daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak
het. Dit het Hom diep gegrief.

GENESIS 6:5-6

8 Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan
Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig
soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek
kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand
te sterk. 9 Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek
sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek
is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by
jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.

HOSEA 11:8-9

32 Toe kom hulle by 'n plek met die naam
Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: "Sit hier
terwyl Ek gaan bid."
33 Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en
Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en
beangs geword 34 en vir hulle gesê: "Ek voel
doodsbenoud. Bly hier en waak!"

MARKUS 14:32-52

35 Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die
grond gaan kniel en gebid dat, as dit moontlik
is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek
nie. 36 Hy het gesê: "Abba, Vader, alles is vir U
moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af
weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie,
maar wat U wil."

MARKUS 14:32-52

37 Hy kom toe terug en kry die drie aan die slaap
en vra vir Petrus: "Simon, slaap jy? Kon jy nie
eens een uur lank wakker bly nie? 38 Julle moet
waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom
nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is
swak."

MARKUS 14:32-52

39 Hy het weer gaan bid en dieselfde gebed as
voorheen uitgespreek.
40 Hy kom toe terug en kry
die drie weer aan die slaap, want hulle was baie
vaak. Hulle het nie geweet wat om vir Hom te sê
nie.

MARKUS 14:32-52

41Toe Hy die derde keer terugkom, sê Hy vir hulle:
"Slaap en rus julle nou nog? Dit is genoeg. Die
tyd het gekom. Die Seun van die mens word in
die hande van die sondaars oorgegee. 42Staan
op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai,
is hier naby."

MARKUS 14:32-52

43 Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat,
kom Judas, wat een van die twaalf was, daar
aan saam met 'n klomp mense met swaarde en
stokke. Hulle is deur die priesterhoofde en die
skrifgeleerdes en die familiehoofde gestuur.
44 Die verraaier het met die mense 'n teken
afgespreek. Hy het gesê: "Die een wat ek sal
soen, dit is hy. Gryp hom en vat hom weg.
Moenie dat hy ontsnap nie."

MARKUS 14:32-52

45Toe hy dan daar kom, het hy reguit na Jesus
toe gegaan en gesê: “Rabbi!” en Hom met 'n
soen gegroet. 46Die ander het vir Jesus gegryp
en Hom gevange geneem.
47Een van dié wat daarby gestaan het, het 'n
swaard uitgepluk, daarmee na die slaaf van die
hoëpriester geslaan en sy oor afgekap.

MARKUS 14:32-52

48 Jesus sê toe vir die mense: "Het julle met
swaarde en stokke gekom om My te vang asof
Ek 'n rower is? 49 Dag vir dag was Ek by julle besig
om die mense in die tempel te leer en julle het
My nie gevange geneem nie. Maar die Skrif
moet in vervulling gaan."
50 Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat
en weggehardloop.

MARKUS 14:32-52



51 'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan,
met net 'n doek om sy lyf. Die mense gryp hom
toe, 52 maar hy het die doek gelos en kaal
weggehardloop.

MARKUS 14:32-52

8 Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin
wandel teen die tyd dat die aandwind opkom,
en die mens en sy vrou het vir die Here God
weggekruip tussen die bome van die tuin. 9 Maar
die Here God het na die mens geroep en vir
hom gevra: "Waar is jy?"

GENESIS 3:8-9


Wegkruipertjie
IN DIE TUIN
MARKUS 14:32-52